

VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saaknommer : 4210/2010

In die saak tussen:-

FANTI BEKKER HATTINGH

Applikant/Verweerder

en

JOHANNES PETRUS HATTINGH

Respondent/Eiser

UITSPRAAK DEUR:

VAN ZYL, R

AANGEHOOR OP:

27 JUNIE 2011

GELEWER OP:

30 JUNIE 2011

[1] Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen die volgende tersaaklike gedeelte van die bevel deur my verleen in summiere vonnis verrigtinge waarin applikant die verweerder en respondent die eiser was. ,

“Ten opsigte van bedes 1 en 2 van die besonderhede van vordering, word summiere vonnis ten gunste van eiser verleen in die bedrag van R5 870 986-67 plus rente teen 10% per jaar bereken vanaf 1 Julie 2010 tot datum van betaling, tesame met koste op 'n skaal soos tussen

prokureur en eie kliënt.”

Geriefshalwe gaan ek na die partye verwys soos in die aansoek om summiere vonnis.

[2] ‘n Kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer is namens verweerder geliasseer en blyk die tersaaklike gronde van die aansoek die volgende te wees:

- “1. Deurdat haar Edele Regter van Zyl fouteer het deur summiere vonnis teen die verweerder te verleen onder saaknommer 4210/210 ten aansien van bedes 1 en 2 in die besonderhede van vordering, asook bede 4 daarvan.
2. Deurdat haar Edele Regter van Zyl die verweerder se verweer soos uiteengesit in sy opponerende verklaring, naamlik dat die laat betaling van die eerste paalement in die bedrag R733 873.22 op 6 Julie 2010 in plaas van 1 Julie 2010, deur die eiser gekondoneer is in die omstandighede deur aanvaarding, alternatiewelik bevestiging deur eiser aan sy finansiële adviseur dat die ooreenkoms kan aangaan al was afhandeling laat, nie as ‘n *bona fide* verweer vir doeleindes van summiere vonnis te aanvaar nie.
3. Deurdat haar Edele Regter van Zyl fouteer het deur te

bevind dat die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 nie op die transaksie tussen die eiser en die verweerder toepaslik is nie, en dat die eiser bygevolg nie nodig gehad het om te voldoen aan die bepalings van Artikel 129 van die Nasionale Kredietwet nie. Voormelde in die lig van die bepalings van Artikel 4 gelees met Artikel 8(1)(b) gelees met Artikel 8(4)(f) van Wet 34 van 2005.

4.
5. Deurdat haar Edele Regter van Zyl fouteer het deur nie oorweging te skenk daaraan dat summiere vonnis 'n drastiese remedie is wat die deure vir 'n verweerder sluit om sy saak na behore te voer in die omstandighede nie.
6. Deurdat haar Edele Regter van Zyl fouteer het, met respek, deur nie haar diskresie uit te oefen, regterlik, in die omstandighede teen einde die verweerder die geleentheid te gun om die aksie wat betref bedes 1, 2 en 4 te verdedig, op die basis dat die laat betaling van vyf (5) dae, nie inderdaad gekondoneer is deur eiser nie, en dat eiser sy eleksie uitgeoefen het in die omstandighede nie."

[3] Ten tyde van Mnr Zietsman, namens verweerder, se mondelinge betoog in die Hof het dit dan ook geblyk dat sy

argumente geskoei is op twee basisse:

3.1 Dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking sal kom wat betref my interpretasie van Wet 34 van 2005 (hierinlater na verwys as “die Nasionale Kredietwet” of “die Wet”) met die resultaat dat sodanige ander Hof redelikerwys kan bevind dat die ooreenkoms in die onderhawige geval wel 'n kredietooreenkoms daarstel soos bedoel in die Nasionale Kredietwet.

3.2 Dat Eiser die laat betaling van die ooreengekome paalement op 6 Julie 2010, in plaas van 1 Julie 2010, aanvaar het en hom daarin berus het (“acquiescence”) en derhalwe afstand gedoen het van sy reg om die volle uitstaande bedrag te vorder.

[4] Dit is geyk dat by die oorweging van die vraag of verloop om te appelleer toegestaan moet word, aldan nie, die toets is of daar redelike vooruitsigte op sukses met die voorgenome appèl bestaan, met ander woorde, of daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat 'n ander Hof tot 'n ander

gevolgtrekking sal kom. Sien **R v BALOI 1949 (1) SA 523 (A) op 524**. Dit is nie voldoende indien die saak wat die verweerder aanvoer slegs “arguable” of “fairly arguable” is nie. ‘n “Blote moontlikheid” op sukses is nie voldoende nie en is die neergelegde vereiste “‘n redelike vooruitsig op sukses”. Sien **AFRIKAANSE PERS BEPERK v OLIVIER 1949 (2) SA 890 (O)**.

Interpretasie van die Nasionale Kredietwet:

- [5] Wat Mnr Zietsman se betoog met betrekking tot die interpretasie van die Nasionale Kredietwet betref, het hy soortgelyke argumente voor my gevoer as wat sy voorganger, Mnr Reinders, ten tyde van die aansoek om summiere vonnis as sulks gevoer het. Mnr Zietsman het egter wel ook betoog dat dit nie eers nodig is om die onderhawige kontrak gesluit tussen die partye te (probeer) tipeer as een of ander bepaalde tipe ooreenkoms, soos byvoorbeeld ‘n skulderkenning wat ter sprake was in die uitspraak van **CARTER TRADING (PTY) LTD v BLIGNAUT 2010 (2) SA 56 (ECP)**, nie. Dit is Mnr Zietsman se betoog dat ongeag die aard van die kontrak, dit steeds ‘n

kredietooreenkoms daarstel soos bedoel in die Nasionale Kredietwet indien dit binne die definisies vervat in die Wet val. In die verband het hy verwys na die bepalings van Artikel 4 van die Wet wat handel met die toepassing van die Wet en wat as volg lees:

“Subject to Sections 5 and 6, this Act applies to every credit agreement between parties dealing at arm’s length and made within, or having an effect within, the Republic, except -” (Mnr Zietsman se beklemtoning.)

Waar daar dan in die res van voormelde Artikel 4 van die Wet uiteengesit is welke ooreenkomste onder watter omstandighede nie getref word deur die bepalings van die Nasionale Kredietwet nie, en die onderhawige kontrak nie binne enige van daardie uitsluitings val nie, was dit Mnr Zietsman se betoog dat die onderhawige kontrak nie van die werking van die Wet uitgesluit kan word nie. Dit was sy submitisie dat waar ek in paragraaf 18 van my uitspraak reeds bevind het dat die tersaaklike klousules 4.8 en 4.9 van die kontrak, saamgelees met klousule 5.5 daarvan, wel binne die omskrywing van ‘n kredietooreenkoms val soos bedoel in Artikel 8(1)(b), saamgelees met die bepalings van

Artikel 8(4)(f) en 8(4)(d) van die Wet, dit die einde van die vraagstuk behoort te wees op grond waarvan ek tot 'n bevinding moes kom dat die onderhawige kontrak wel deur die bepalings van die Nasionale Kredietwet getref word. Hy het aan die hand gedoen dat sodanige uitleg ooreenkomstig die primêre beginsel van die sogenaamde goue reël met betrekking tot die interpretasie van statute daarstel, synde om uiting te gee aan die normale grammatikale betekenis van die woorde gebruik deur die wetgewer in die Wet as sulks.

Addisioneel tot voormelde, het Mnr Zietsman voorts betoog dat selfs indien die kontrak oorweeg word aan die hand van die doel van die Wet, soos vervat in Artikel 3 van die Wet, die kontrak in die onderhawige geval steeds getref word deur een of meerdere van die doelstellings gelys in Artikel 3(a) tot (i) van die Wet.

- [6] Mnr de Bruin, namens eiser, het daarteenoor betoog dat die korrekte benadering in die uitspraak gevolg is, deurdat alwaar die uitleg van die Wet op die gewone grammatikale betekenis van die woorde daarvan tot 'n absurditeit

aanleiding gee en tot 'n gevolg wat teenstrydig is met die bedoeling van die wetgewer, daar dan van daardie letterlike uitleg of betekenis van 'n wetsbepaling afgewyk kan en behoort te word, soos wat ek in die onderhawige geval heeltemal tereg, aldus sy betoog, gedoen en beslis het. Verdermeer het Mnr deBruin volhard met die argumente wat hy ten tyde van die aanhoor van die aansoek om summiere vonnis voor my gevoer het, welke ook in my uitspraak vervat is, en betoog dat dit nie die bedoeling van die wetgewer was dat 'n kontrak soos die onderhawige geag moet word 'n kredietooreenkoms te wees soos bedoel in die Wet nie.

- [7] Na my mening het ek reeds volledig in die uitspraak gehandel met die lyn van argument wat nou weer deur Mnr Zietsman aan my voorgelê is. Ek het na my mening gefundeerde redes verskaf, ook met verwysing na tersaaklike regspraak, oor waarom die interpretasie wat Mnr Zietsman aanvoer (en Mnr Reinders ook aangevoer het), nie korrek kan wees nie. Mnr Zietsman se steun op en argumente met betrekking tot Artikel 4 van die Nasionale Kredietwet, maak na my mening geen verskil aan die feit dat die Wet steeds in totaliteit beoordeel moet word en

ooreenkomstig die bepalings van Artikel 2 geïnterpreteer moet word aan die hand van die doel van die Wet en dus die bedoeling van die wetgewer nie. Ek meen dat die uitspraak waarmee ek in paragraaf 24 van my uitspraak gehandel het, synde **VOLTEX v CHENLEZA 2010 (5) SA 267 (KZP)** 'n baie duidelike aanduiding is dat die blote feit dat 'n bepaalde ooreenkoms binne die definisies van die Wet val (en nie spesifiek by wyse van Artikel 4 uitgesluit word nie), nie noodwendig tot gevolg het dat dit deur die bepalings van die Wet getref word nie, omdat daar eerstens uiting gegee moet word aan die doel van die Wet soos vervat in Artikel 3 daarvan en tweedens omdat in sodanige vasstelling, daar ook gelet moet word op die “nature, the subject matter, substance, purpose and the function of a particular agreement, as well as the intention of the parties gathered from their conduct”. Wanneer dit gedoen word, soos ek in die uitspraak uiteengesit het, kan ek steeds nie tot 'n ander gevolgtrekking kom (en meen ek ook nie dat 'n ander hof redelikerwys tot 'n ander gevolgtrekking sal kom nie) as dat hierdie kontrak op geen wyse getref kan word deur die doelstellings van die Wet en die wyse waarop hierdie doelstellings bereik moet word soos bepaal in Artikel

3 van die Wet nie. `n Ander bevinding sal, vir die redes reeds in my uitspraak vermeld, tot `n absurditeit lei en `n gevolg hê wat nie die bedoeling van die wetgewer kon wees nie.

- [8] Vir hierdie redes en die redes reeds uiteengesit in die uitspraak, is ek `n van mening dat verweerder nie daarin geslaag het om my tevrede te stel dat hy, op hierdie basis, redelike vooruitsigte op sukses op appèl het nie.

Aanvaarding van en berusting in laat betaling:

- [9] Wat die tweede basis van Mnr Zietsman se betoog betref, synde dat eiser die laat betaling van die paalement aanvaar het en berus het daarin, was hierdie verweer wel geopper in verweerder se opponerende verklaring. Dit was egter nie mee voortgegaan deur Mnr Reinders ten tyde van die beregting van die aansoek om summier vonnis nie, deurdát hierdie punt glad nie in Mnr Reinders se skriftelike betoogshoofde vervat was nie en hy dit ook nie enigsins ten tyde van sy mondelinge argumente voorgehou het nie. Dit is dan ook die rede waarom ek nie in my uitspraak daarmee

gehandel het nie, maar spesifiek in paragraaf 9 van my uitspraak die volgende notuleer het:

“Gegewe dat eiser gevolglik nie meer gesteun het op enige ander verwere dan laasgenoemde verweer nie, gaan ek derhalwe slegs met laasgenoemde verweer handel, uiteraard steeds met inagneming van my diskresie wat geld by die oorweging van die verlening van summiere vonnis, aldan nie.”

[10] Mnr Zietsman het egter betoog dat Mnr Reinders nooit pertinent die verweer namens verweerder abandoneer het nie en gegewe dat dit wel deur verweerder in sy opponerende verklaring geopper is, verweerder onder sodanige omstandighede steeds geregtig is om daarop te steun vir doeleindes van sy aansoek om verlof om te appelleer. Ek is bereid om hierdie argument te aanvaar en gaan gevolglik nou oorweeg of verweerder enige redelike kans op sukses op appèl met hierdie verweer het.

[11] Hierdie verweer van verweerder is in paragraaf 5 van sy opponerende verklaring aangespreek, welke as volg lees:

“Die betaling ten aansien van paaielemente is inderdaad nie gemaak soos vereis in terme van die kontrak nie, en is

gedoen op 6 Julie 2010, maar het die eiser die laat betaling in terme van die kontrak aanvaar, soos blyk uit Aanhangsel “B” hiertoe, ‘n skrywe van Johann Bornman, finansiële adviseur, onderteken deur die eiser, gedateer 07/07/2010, waarin gemeld word dat die Eiser *‘gaan aan ooreenkoms wat net so aangaan al was afhandeling laat’*.

Hierdeur het die eiser sy eleksie uitgeoefen om die ooreenkoms in stand te hou, en vir hierdie rede betaling aanvaar en nie teruggetender nie.”

Wanneer daar dan gelet word op die tersaaklike Aanhangsel “B”, bevat die dokument die kopskrif en logogram van “Johann Bornman, Finansiële Adviseurs BK” en word die dokument in die opskrif daarvan aangedui ‘n “KLIËNTE NOTULE” te wees. Die “kliënt” is aangedui as “JP Hattingh” en is die dokument op 7 Julie 2010 onderteken deur die kliënt, JP Hattingh, en het Mnr Bornman as getuie geteken. Mnr Zietsman het betoog dat waar daar onder punt 2 van die “besluite” die volgende genotuleer is, dit waarskynlik slaan op die onderhawige laat betaling en eiser se besluit om dit te aanvaar en die kontrak in stand te hou:

“Aanvaar sessies van beide Momentum polis 205234197

en Altrisk polis 5962628 om uiting te gee aan ooreenkoms wat net so aangaan al was afhandeling laat.”

(Die woord “Altrisk” is onduidelik, gegewe dat dit ‘n handgeskrewe dokument is, maar blyk dit te wees wat daar geskryf staan, hoewel dit dalk ook Allrisk kan wees.)

- [12] Mnr de Bruin het betoog dat hierdie dokument hoorsê getuienis daarstel. Hy het voorts betoog dat dit in ieder geval nie uit die dokument duidelik blyk dat die ooreenkoms wat daarin vermeld word, slaan op die gedeelte van die kontrak ten opsigte van die laat betaling wat in die onderhawige saak ter sprake is nie. In die verband het Mnr de Bruin betoog dat die dokument eerder blyk te handel met versekeringspolisse. Verdermeer was dit sy betoog dat daar in elk geval geensins voldoende feitelike bewerings deur verweerder in sy opponerende verklaring gemaak is om te voldoen aan die vereistes van ‘n geldige of suksesvolle beroep op afstanddoening nie, synde dat eiser die beweerde afstanddoening moes gedoen het nadat hy ten volle bewus was van sy regte hieromtrent en verdermeer dat die afstanddoening of keuse gekommunikeer was aan verweerder.

Teenoor laasgenoemde het Mnr Zietsman in repliek betoog dat die dokument nie geag kan word hoorsê getuienis te wees nie, aangesien dit immers op sigwaarde daarvan blyk deur eiser geteken te wees. Hy het verdermeer betoog dat die verdere getuienis met betrekking tot so 'n verweer van afstanddoening juis deur verweerder ten tyde van 'n verhoor aangebied sal kan word en dit daarom onvanpas is om op summiere vonnis stadium te beslis dat verweerder nie 'n *bona fide* verweer in hierdie verband openbaar het nie.

- [13] Ek het, hoewel in verband met 'n ander verweer van verweerder, in paragraaf 11 van my uitspraak verwys na die vereistes waaraan 'n opponerende verklaring in summiere vonnis verrigtinge moet voldoen, synde dat dit die aard en gronde van die verweer en die wesenlike feite waarop dit berus, volledig moet aangee soos vereis ooreenkomstig die bewoording van Hofreël 32(3)(b). Die uitspraak in **MAHARAJ v BARCLAYS NATIONAL BANK LTD 1976 (1) SA 418 (A)**, welke ek ook reeds in my uitspraak aangehaal het, is in die onderhawige geval na my mening insgelyks van toepassing waar hierdie vereiste as volg gestel is op

426 C tot D:

“The word ‘fully’ as used in the context of the Rule (and its predecessors), has been the cause of some judicial controversy in the past. It connotes, in my view, that while the defendant need not deal exhaustively with the facts and the evidence relied upon to substantiate them, he must at least disclose his defence and the material facts upon which it is based with sufficient particularity and completeness to enable the Court to decide whether the affidavit discloses a *bona fide* defence.”

- [14] Wat betref die vereistes ten opsigte van `n verweer van afstanddoening van `n reg of dan die berusting in (“acquiescence”) `n situasie met `n besluit om nie kontraktuele regte af te dwing nie, is die party wat hom op afstanddoening beroep belas met die onus om die afstanddoening in duidelike terme te bewys. Daar is in werklikheid `n vermoede teen afstanddoening en alhoewel die bewysmaatstaf steeds net `n oorwig van waarskynlikhede is, is dit `n bewys wat nie maklik gekwyd word nie. Hierdie vereistes is volledig mee gehandel in **THE LAW OF CONTRACT IN SOUTH AFRICA**, RH CHRISTIE, 5de uitgawe, op p. 441 – 442 en die gesag

aldaar aangehaal. Ek haal vervolgens sekere gedeeltes daarvan aan:

“There is therefore a presumption, even in some cases a strong one, against waiver. That means not only that the onus is upon the party asserting waiver to prove it, but that although, as in all civil cases, the onus may be discharged on a balance of probability, it is not easily discharged. In *Hepner v Roodepoort-Maraiburg Town Council* 1962 (4) SA 772 (A) Steyn CJ said:

‘There is authority for the view that in the case of waiver by conduct, the conduct must leave no reasonable doubt as to the intention of surrendering the right in issue..... It sets, I think, a higher standard than that adopted in *Laws v Rutherford* 1924 AD 261 at p. 263, where Innes CJ says:

“The onus is strictly on the appellant. He must show that respondent, with full knowledge of her right, decided to abandon it, whether expressly or by conduct plainly inconsistent with an intention to enforce it. ...” ’

To this it is only necessary to add that it has repeatedly been held that clear proof is required, especially of a tacit as oppose to an express waiver. In *Borstlap v Spangenberg* 1974 (3) SA 695 (A) 704 Corbett AJA said:

‘Dit is herhaaldelik deur ons Howe
 beklemtoon dat duidelike bewys van ‘n beweerde
 afstanddoening van regte geverg
 word, veral waar op ‘n stilswyende
 afstanddoening staatgemaak word.
 Dit moet duidelik blyk dat die betrokke persoon
 opgetree het met behoorlike kennis van
 sy regte en dat sy optrede teenstrydig is
 met die voortbestaan van sodanige regte of met
 die bedoeling om hulle af te dwing.’”

Wat betref die vereiste kommunikasie van ‘n beweerde
 afstanddoening, is as volg in **TRAUB v BARCLAYS**
NATIONAL BANK LTD 1983 (3) SA 619 (A) op 634 H
 beslis:

“It is clear, in my opinion that the creditor’s intention not to
 enforce a right has no legal effect unless and until there is
 some expression or manifestation of it which is
 communicated to the debtor or in some way brought to his
 knowledge.”

[15] Na my mening skiet die bewerings in paragraaf 5 van
 verweerder se opponerende verklaring ver te kort deurdat
 geen wesenlike feite beweer is ten opsigte van voormelde

vereistes nie. Verweerder dui geensins aan wanneer hy in besit van die tersaaklike dokument gekom het nie en ook nie onder watter omstandighede nie. Dit mag, bes moontlik (en in die afwesigheid van behoorlike bewerings in die verband deur verweerder), selfs na die uitreiking van dagvaarding te gewees het, welke uitreiking van die dagvaarding op sigself duidelik teenstrydig is met 'n manifestasie van 'n bedoeling om van 'n kontraktuele reg afstand te doen. Verdermeer het verweerder geen feite of behoorlike grondslag openbaar vir sy bewering dat die tersaaklike inskrywing op Aanhangsel "B" op die laat betaling van die paalement slaan nie. Gegewe verweerder se ongefundeerde bewering oor watter ooreenkoms na verwys word in die tersaaklike dokument, het ek volledigheidshalwe die dokument opnuut van naderby oorweeg, in samehang met die inhoud van die kontrak gesluit tussen die partye.

- [16] Wanneer die dokument in totaliteit bestudeer word, moet ek saamstem met Mnr de Bruin se betoog, synde dat die dokument blyk te handel met verskillende handelinge wat verskillende versekeringspolisse betref. Verdermeer blyk dit vir my dat item 1 onder "Items Bespreek", item 1 onder

“Besluite” en item 1 onder “Aksies” al drie oor dieselfde aspek handel, synde korttermynverskering. Insgelyks blyk dit vir my dat item 2 onder “Items Bespreek”, item 2 onder “Besluite” en item 2 onder “Aksies” op hul beurt weer oor dieselfde (maar `n ander) aspek handel, synde die sessie van polisse. In laasgenoemde verband, is dit wat genotuleer is onder punt 2 van “Items Bespreek”, die volgende:

“2. Sessie lewenspolisse vir ooreenkoms met Mnr FB Hattingh en Qwaha Trust.”

Item 2 onder “Besluite”, synde dit waarop verweerder steun, herhaal ek volledigheidshalwe:

“2. Aanvaar sessies van beide Momentum polis 205234197 en Altriskpolis 5962628 om uiting te gee aan ooreenkoms wat net so aangaan al was afhandeling laat.”

Laastens is punt 2 onder “Aksies” as volg genotuleer:

“Dus JP Hattingh teken en aanvaar sessies (sydelings vir sekuriteit) en aanvaar oorspronklike ooreenkoms.”

[17] Wanneer hierdie inskrywings vergelyk word met die inhoud van die kontrak gesluit tussen die partye, blyk dit dat

klousule 10 daarvan, met die opskrif “Lewensversekerings polisse”, onder andere, as volg lees:

“10.1 Die partye het met verloop van tyd lewensversekerings polisse afgesluit op die lewe van een of albei van hulle met verskillende lewensversekerings maatskappye.

10.2 Daar is huidiglik, onder andere, ‘n lewensversekerings polis op die lewe van Johan afgesluit met Momentum Versekerars synde polisnommer 205234197/001 van welke polis Qwaha Trust die eienaar is en ten aansien waarvan Thaba’Nchu Rollermeule die premies betaal, en daar is ‘n dergelike lewensversekerings polis by dieselfde lewensversekerings-maatskappy afgesluit op die lewe van Fanti waarvan Qwaha Trust ook die eienaar is en ten opsigte waarvan Thaba’Nchu Rollermeule ook die premies betaal.

10.2.1

10.2.2 Fanti sal reël dat beide bogemelde polisse binne **dertig dae** na ondertekening hiervan deur die eienaar daarvan gesedeer sal word ten gunste van Johan as sekuriteit vir betaling van

die bedrae wat ingevolge hierdie ooreenkoms deur Fanti betaalbaar is aan Johan.

10.2.3

10.2.4

10.3

10.4 Die betrokke poliskontrakte tesame met skriftelike sessies deur die eenaars daarvan ten gunste van Johan sal aan Johan geleweword binne dertig dae na ondertekening hiervan.”

- [18] Wanneer daar nou teruggekeer word na die inhoud van die dokument, Aanhangsel “B”, blyk dit dat die Momentum polis met nommer 205234197, waarna verwys word in Aanhangsel “B”, ooreenstem met die Momentum polis waarna verwys word in klousule 10.2 van die kontrak. Verdermeer, by die inskrywing van item 2 onder “Items Bespreek” is daar ook spesifiek verwys na Qwaha Trust, synde dieselfde trust as waarna in klousule 10.2 van die kontrak verwys word. Gegewe die dertig dae tydsbeperking wat in klousules 10.2.2 en 10.4 van die kontrak voorkom, die ooreenstemming van die besonderhede van die onderskeie

polisse, die feit dat daar dan in Aanhangsel “B” genotuleer is dat die sessies aanvaar word “om uiting te gee aan ooreenkoms wat net so aangaan al was afhandeling laat” en dan weer die verdere aantekening onder “Aksies” dat die sessies aanvaar word en die oorspronklike ooreenkoms aanvaar word, blyk die inskrywing op Aanhangsel “B” veel eerder daarop te slaan dat die sessie aan eiser van die tersaaklike polisse waarmee in klousule 10 van die kontrak gehandel word, laat geskied het, maar dat eiser besluit het om die sessies steeds te aanvaar en die ooreenkoms ten opsigte daarvan in stand te hou. Hierdie besluit wat betref die aanvaarding van die laat sessie van die polisse, het uiteraard niks te make met eiser se besluit ten opsigte van die uitoefening van sy regte wat betref die laat betaling van die tersaaklike paalement wat hierin ter sprake is nie.

- [19] Selfs indien ek die hoorsê-argument ten opsigte van die dokument buite rekening laat (welke ek onder die omstandighede nie nodig ag om te beslis nie), voldoen die karige en ongegronde bewerings wat deur verweerder ten opsigte van hierdie verweer gemaak is, geensins aan die vereistes van bogemelde Hofreël 32(3)(b) nie en is dit nie

voldoende dat ek op grond daarvan kan bevind dat verweerder hieromtrent 'n *bona fide* verweer openbaar nie.

- [20] 'n Laaste aspek waarop Mnr de Bruin in sy skriftelike betoogshoofde gewys het, maar welke nie betoog was ten tyde van die aanhoor van die aansoek om summiere vonnis nie vanweë Mnr Reinders se eie besluit om nie die verweer van afstanddoening te argumenteer nie, is dat die versnellingsklousule vervat in klousule 4.3.4 van die kontrak gesluit tussen die partye, outomaties in werking getree het toe die paalement nie op 1 Julie 2010 betaal was nie. Die klousule bepaal uitdruklik dat indien enige paalement nie stiptelik betaal word nie “die onbetaalde saldo...terstond betaalbaar sal wees”. Toe eiser dus die laat betaling aanvaar het, was dit ten opsigte van 'n verpligting deur verweerder teenoor eiser wat reeds opeisbaar en betaalbaar was en het dit nie afbreuk gedoen aan die feit dat vanweë die laat betaling, die balans onmiddelik opeisbaar en betaalbaar geword het nie. Ek stem met hierdie argument saam. Sien **WESTERN BANK LTD v SJJ VAN VUUREN TRANSPORT (PTY) LTD AND OTHERS 1980 (2) SA 348 (A) op 351.**

[21] Ek is gevolglik oortuig dat verweerder ook nie op hierdie basis redelike vooruitsigte op sukses op appèl het nie.

Diskresie:

[22] Die laaste aspek wat in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer geopper is, maar wat nie weer pertinent deur Mnr Zietsman betoog is nie, is die gronde dat ek nie my diskresie in die omstandighede judisieel uitgeoefen het nie. Ek meen egter dat ek volledig in my uitspraak met hierdie aspek gehandel het en vir die redes daarin vermeld, is ek insgelyks van mening dat daar nie 'n redelike moontlikheid bestaan dat 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking in die verband sal kom nie.

[23] Gevolglik kan verweerder se aansoek om verlof om te appelleer nie slaag nie.

[24] Wat die koste betref, is daar in die onderhawige omstandighede geen basis of rede waarom die gebruikelike bevel in 'n onsuksesvolle aansoek om verlof om te appelleer, nie verleen behoort te word nie.

[25] Gevolglik word die aansoek om verlof om te appelleer van die hand gewys, met koste.

C. VAN ZYL, R

Namens die Applikant/Verweerder: Adv P Zietsman S.C
In opdrag van:
Matsepes Ing.
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondent/Eiser: Adv JP de Bruin S.C
In opdrag van:
Hill McHardy & Herbst Ing.
BLOEMFONTEIN